# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 30 2 Augustus 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 2 AUGUSTUS – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeelte:** Matteus 12:22-37
**Teksverse:** Matteus 12:28
**Tema:** Koninkrykstyd: Die vrug van God se koninkryk is die werk van die Heilige Gees!

In Matteus 12 wys die HERE Jesus dat sy wonderwerke die onmiskenbare bewys is dat God se Koninkryk deur Hom aangebreek het. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees openbaar Christus Homself as die beloofde Koning wat Satan se mag verbreek en sy volk verlos. Daarom staan elke mens voor die keuse om Christus in geloof te aanvaar of Hom doelbewus te verwerp. Wie deur die Heilige Gees met Christus verenig word, ontvang nuwe lewe en begin die vrug van God se Koninkryk dra. Hierdie vrug is nie die grond van ons verlossing nie, maar die sigbare bewys van die Gees se vernuwende werk in ons. In die Woordverkondiging let ons op:

1. Die Heilige Gees OPENBAAR die Koning.
2. Die Heilige Gees ROEP mense om die Koning nie te verwerp nie.
3. Die Heilige Gees VERNUWE burgers van die Koninkryk om vrug te dra.

## BYBELSKOOL SONDAG 2 AUGUSTUS – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel – Evangelies: Matteus, Markus en Johannes

Die Evangelies volgens Matteus, Markus en Johannes verkondig een sentrale waarheid: Jesus Christus is die beloofde Messias, die Seun van God en die Koning wat gekom het om God se Koninkryk te vestig en mense tot geloof en dissipelskap te roep. Matteus beklemtoon Jesus as die vervulling van die Ou Testament en die Koning van die Koninkryk. Markus wys Hom as die Dienende Koning wat deur lyding oorwin en sy volgelinge oproep om die kruis op te neem. Johannes openbaar Jesus as die mensgeworde Woord van God wat deur sy tekens, kruisdood en opstanding ewige lewe gee aan elkeen wat glo. Al drie Evangelies roep gelowiges op om Christus te volg, vrug te dra en in die krag van die Heilige Gees te leef. In die bespreking kyk ons na die volgende hoofpunte:

- Matteus: Jesus die Koning en vervulling van God se beloftes.
- Markus: Jesus die Dienende Koning wat deur die kruis oorwin.
- Johannes: Jesus die Seun van God wat ewige lewe skenk.

## SONDAG 2 AUGUSTUS 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir Korrektiewe dienste en na die Bybelskool vir die Kerkkas
Die tweede kollekte 9 Augustus is na die oggenddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 31 – Oudl. Brendan Diamond
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Tee/Koffie tydens die oggenddiens olv sr Tanya van den Berg
- Katkisasie les 17
- Bybelstudie: Patmosgroep kom in die Moederskamer byeen

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## DIENSBEURTE SONDAG 9 AUGUSTUS 2026

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 32 – Oudl. Frans van Niekerk
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Geen Tee/Koffie tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
- Geen Katkisasie tydens langnaweek nie
- Geen Bybelskool tydens langnaweek nie

## PROGRAM VIR DIE WEEK 2 TOT 9 AUGUSTUS 2026

**Woensdag 5 Augustus**
09:00 Korrektiewe Dienste
**Donderdag 6 Augustus**
10:00 Bybelstudie: Koningskinders se ouers
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Melany v Niekerk; Groep B olv sr Hettie Grové
**Vrydag 7 Augustus**
09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Melany v Niekerk; Groep B olv sr Hettie Grové
**Sondag 9 Augustus**
Vrouedag

# VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**5 Augustus**

- Br Gé Vermeulen
  (082 049 7498) Wyk 42

**8 Augustus**

- Sr Kietie Neethling
  Wyk 23

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**1 Augustus**

- Jsr Liné Koch
  (082 460 8219) Wyk 6

**2 Augustus**

- Br Liaan Bothma
  (078 453 5584) Wyk 30
- Sr Madelein Visser
  (060 441 109) Wyk 40

**3 Augustus**

- Sr Riana Malan
  (082 410 6717) Wyk 17
- Sr Benita Steyn
  (083 980 2040) Wyk 36

**4 Augustus**

- Jsr Deanna van der Merwe
  (082 375 7963) Wyk 13

**5 Augustus**

- Sr Lize Botes
  (082 308 5510) Wyk 13
- Br Reinhard Bredenhann
  (083 755 0208) Wyk 8
- Br Zander Fasen
  (082 554 4977) Wyk 3
- Sr Marise Jacobs
  (073 818 7642) Wyk 6

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik.**

**2 Augustus**

- Br André en sr Marianne Nel (082 892 8409) Wyk 10 met hule 40ste herdenking.

**7 Augustus**

- Br Jeandre en sr Mariska du Preez (062 199 6306) Wyk 18 met hul 5de herdenking.

**Lief en leed:**

- Br Cas van Wyk (072 649 2510) Wyk 11 was in die hospitaal opgeneem, maar is intussen met 'n aanpassing in medikasie ontslaan. Ons bede is dat HERE deur die krag van gebed en die oordeelkundige gebruik van medikasie br Cas se kragte sal versterk.
- Sr Anne-Marie de Swart (071 481 0265) Wyk 2 het 'n knie-vervanging ondergaan en sterk tuis aan. Ons is saam met haar dankbaar dat die HERE sy hand oor haar tydens die operasie gehou het en bid haar beterskap toe met die aansterk.
- Br Gert Spoelstra (083 258 8620) Wyk 1 is Dinsdag in die Pinehaven hospitaal opgeneem en het Woensdag 'n prosedure ondergaan. Dit het goed gegaan en hy moes tot gister (Saterdag) in die hospitaal bly vir monitering. Ons is die HERE dankbaar dat Hy br Gert ook in hierdie tyd getrou bewaar en versterk.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 26 Julie 2026**

| | | |
|---|---|---|
| R | 2114.00 | Oggend: Barmhartigheid |
| R | 1284.50 | Oggend: Deure/ GKSA Sust. |
| R | 60.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R | 30.00 | Aand: Deure/ Kerkkas |

**SnapScan: 26 Julie 2026**

| | | |
|---|---|---|
| R | 1009.55 | Oggend: Barmhartigheid |
| R | 700.38 | Oggend: Deure/ GKSA Sust. |
| R | 19.32 | Aand: Barmhartigheid |
| R | 19.32 | Aand: Deure/ Kerkkas |

### *Gedagte vir die week*



Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies,
hoog bo die aarde. Die Here, die Almagtige, is by ons,
die God van Jakob is vir ons 'n beskutting.
Psalm 46:11 en 12

## *Die tronkbewaarder van Filippi (2)*

Verlede keer het ons gesien dat die Here dit so beskik het dat Paulus en Silas vir die tronkbewaarder van Filippi sê dat jy slegs gered kan word wanneer jy in ons Here Jesus glo. Ons het ook gesien dat God Hom openbaar as dié Een wat (1) alles *volgens sy raadsplan* doen, en (2) toesien dat *nie een van sy uitverkore kinders verlore gaan nie*. Vandag kyk ons verder na wat God van Homself in hierdie geskiedenis openbaar.

**God bring jou tot geloof uit genade**

- **God bring sy uitverkorene tot geloof:** Hoe het die tronkbewaarder tot geloof gekom? Het Paulus vir hom gesê: Jy moet nóú *kies* om te glo? God *nooi* jou uit om in Jesus te glo – aanvaar die uitnodiging! – anders is jy verlore. Nee, Paulus *beveel* hom om te glo. Die woord "glo" in die Grieks staan in die bevelsvorm. Maar kan hierdie man, wat moontlik maar 'n paar keer van Jesus in die strate van Filippi gehoor het, uit homself tot geloof in Jesus Christus kom? Nee, beslis nie! Jy kom alleen tot geloof deur die werk van die Heilige Gees (1 Kor. 12:9; 2 kor. 4:12). Daar vind 'n wonderwerk daardie nag in die tronkbewaarder se lewe plaas (DL 3/4:12). So is God: Nie een van sy kinders sal verlore gaan nie (Joh. 10:28). Daar is net één rede waarom jy en ek in God glo: *Omdat Hý ons tot geloof in Hom gebring het deur sy Heilige Gees*. Só ís God en só werk Hy.

- **God is 'n God wat sy genade aan sy uitverkorene bewys:** Hierdie tronkbewaarder het tot daardie oomblik sonder God gelewe. Hy het God nie geken nie. Hy het (en kon buitendien) niks doen om iets tot sy saligheid by te dra nie. Nie een van ons kan iets doen om ons plek 'n die hemel te verdien nie. **Efesiërs 2:8-9**: "*Julle is inderdaad uit **genade** gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n **gawe** van God. Dit kom **nie** deur julle **eie verdienste** nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie*." Hierdie oneindige genade van God, wat Hy in Jesus Christus aan ons geopenbaar het, het Hy daardie middernag op die tronkbewaarder uitgestort – én Hy doen dit elke dag ook met jou en my. Ons saligheid is gewaarborg in hierdie *genade van God* wat Hy in Jesus Christus aan die kruis aan ons bewys het toe Hy daar vir ál ons sondes betaal het.

**Jy het 'n verantwoordelikheid**

- **God hef nie die mens se verantwoordelikheid op nie:** God bring jou inderdaad tot geloof, sonder enige toedoen of bydrae van jou kant af, maar jy het steeds die verantwoordelikheid om aan Hom gehoorsaam te wees as Hy jou oproep om in Hom te glo. Met betrekking tot jou weergeboorte bely ons in **DL 3/4:16**: "*Die mens het deur die val nie opgehou om mens te wees nie, begaaf met verstand en wil, en die sonde wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die mens nie weggeneem nie, maar bederwe en geestelik gedood. Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte in die mens nie asof hulle stokke en blokke is nie...*" As jy tot geloof in Jesus Christus kom, is dit uit en uit God se genade. Maar as jy nie glo nie, is dit volledig jou eie skuld (**DL 3/4:8-10**). God se genade hef nie jou verantwoordelikheid op nie.

**God werk met jou persoonlik**

- **God werk op persoonlike vlak met sy kind:** Ons kry pragtige voorbeelde hiervan in die Bybel:

  - In **Psalm 23:1** noem Dawid die Here "***my*** *Herder*." Net so kan jý ook van Hom bely: "*Die Here is **mý** Herder*." Baie persoonlik, intiem, innig, een tot Een.
  - In **Jesaja 43:1** sê die Here vir elkeen van ons: "*Ek het jou op jou naam geroep, jy is **Myne***." Jy is God se persoonlike eiendom. Hy het jou duur gekoop – met die kosbare bloed van Christus – om "*met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus (te) behoort*." (**HK 1:1**)
  - Tomas bely van Jesus: U is "***My** Here en **my** God**!***" (**Joh. 21:28**)

  Só het God met die tronkbewaarder in 'n persoonlike verhouding gaan staan, sodat hy **in God** geglo het (vs. 34).

**God is soewerein**

- **God is soewerein:** Tussen al die mense in die tronk en wat by die tronk in Filippi betrokke is, het Hy besluit om juis hierdie spesifieke tronkbewaarder uit te verkies. God is soewerein. Hy kan doen wat Hom behaag. Loof en dank Hom dat Hy *jóú* ook tot geloof gebring het en *jóú* uitverkies het! Hoekom het Hy jou en my uitverkies? Omdat Hy genadig en soewerein is. "*Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde **nie begryp nie**.*" (Pred. 3:11)

**Jy is 'n nuwe mens op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus**

- **God is 'n God wat sy uitverkore kind weer gebore:** Hierdie tronkbewaarder gaan as gelowige dadelik oor om soos 'n nuwe mens te lewe. Hy was Paulus en Silas se wonde (Hand. 16:33). Jesus het gesê: "*Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.*" (**Matt. 25:40**) Hy *lewe* nou soos 'n weergeborene, as een wat in Jesus glo (**DL 3/4:12**). Nou dat God jou deur sy Heilige Gees weergebore het op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus verlang Hy van jou om soos een te *lewe*.

- **God red jou slegs deur Jesus Christus:** "*Glo in die Here Jesus.*" – sê Paulus en Silas vir die sipier van Filippi. Daar is slegs één Weg tot die ewige saligheid, en dit is deur Jesus Christus, deur sy versoeningswerk. Jesus het Self gesê – **Johannes 14:6**: "*Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe **behalwe deur My nie**.*"

– André Grové

## *Reddersburg Kinderhuisprojek*
## *Potjiekos en Kersfees in Julie*




Wat ‘n Fees was dit nie! Met aankoms het ‘n glasie sjerrie jou in die portaal ingewag, net om te sê: *Jy is welkom*. Die gedekte tafels in die saal het jou sommer gou tuis laat voel en almal kon gesellig saam kuier en mekaar se geselskap geniet.








Die potjiekos was voortreflik en baie smaaklik – en daar was genoeg vir ‘n tweede porsie! *Mensekinners, ek het darem so lekker geëet vandag!!! Baie dankie aan al die mense wat kos gemaak het. (dit was regtig die lekkerste potjie wat ek nog ooit geëet het* – en ons stem saam met Martha Wynn*)*. En asof dit nie genoeg was nie, sluit ons die ete af met heerlike malvapoeding, met of sonder roomys. Baie dankie aan die manne wat die potjiekos gemaak het.





Terwyl almal gewag het vir die ete om te begin, het die diensgroep tafels met verskillende speletjies voorberei om die wagtyd mee te verwyl. Diegene wat wou, kon ook saam BINGO speel.







Sondag na die erediens was dit tyd vir die trek van ‘n nommer vir die Kersfees in Julie-geskenk aan ‘n kinderhuiskind. Angie Venter moes net bontstaan om al die gelukkige nommers te registreer en geskenksakke uit te deel sodat lidmate nog by die tee ook kon uitkom.





Lidmate wat nog nie ‘n geskenksakkie getrek het nie, het hierdie Sondag na die erediens weer ‘n geleentheid om ‘n nommer te trek by Rina Aucamp en die wens van ‘n kind waar te maak.

Baie dankie aan al die lede van die diensgroep vir hul harde werk, voorbereidings en gasvryheid. Julle is ‘n wenspan. Julle het julleself oortref om van die naweek ‘n sukses te maak.

# *PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2026*

**2026 Jaartema: Die Jaar van God se genade**

**Kwartaaltema: Koninkrykstyd**

2 Augustus

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Dra goeie vrugte in die Koninkryk van God deur die kragtige werk van die Heilige Gees! Matteus 12:22-37 (T = Matt. 12:28).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Die Evangelies: Matteus, Markus, Johannes

9 Augustus (Geen aanddiens – Langnaweek)

Oggend: ds Neels Malan

16 Augustus

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – ’n Gebed om die Koninkryk van God - Psalm 72 (T = Ps 72:1-2, 18-19).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Die Evangelies: Lukas en Handelinge

23 Augustus (Voorbereiding)

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Jesus se eerste preek: Bekeer julle, want die koninkryk is naby! Matteus 4:12-17 (T = Matt. 4:17).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: Romeine

30 Augustus (Nagmaal) (Geen aanddiens)

Oggend: Dr De Wet – Nagmaal – Niks is beter as God se nabyheid nie! Psalm 73 (T = Ps. 73:28a).

Oggend: Dr De Wet – Nabetragting – God hou Sy twyfelende verbondskind vas! Psalm 73 (T = Ps. 73:23)

6 September

Oggend: ds Jannie van der Schyff

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: 2 en 2 Korintiërs

13 September

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Spykers in diens van God se Koninkryk! 1 Kronieke 29:1-9 (T = 1 Kron. 29:2).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: Galasiërs, Efesiërs, Filippense en Kolossense

20 September

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Ons Koning het ons bestem om saam met Hom te lewe! 1 Tessalonisense 5:1-11 (1 Tess. 5:9-10).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: 1 en 2 Tessalonisense

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

27 September (Geen aanddiens) (Dr De Wet met verlof)

Oggend: ds Jannie van der Schyff

4 Oktober (Geen aanddiens) (Dr De Wet met verlof)

Oggend: ds Jannie van der Schyff

**SKOLE OPEN (6 OKTOBER)**

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *Hoe gee ek my kerklike bydraes?*

- Direkte betaling - Direk in die bankrekening van die kerk via internet (EFT) of 'n aftrekorder:
  Bank: FNB tjekrekening; takkode: 250655; rekeningnommer: 62876026511
- Koevert – plaas die koevertjie in die kollektesakkie of in die kassie wat daarvoor by die deure aangebring is. Koeverte is agter in die kerk en in die konsistorie beskikbaar.
  Gebruik asseblief u lidmaatnommer saam met u naam en van wanneer u betalings maak. Spesifiseer spesiale bydraes en kollektes waar toepaslik.
- Debietorder – Debietorders word maandeliks deur die kerkkantoor van u bankrekening verhaal. Aftrekorder-vorms is in die konsistorie of by die kerkkantoor beskikbaar.
- SnapScan en PayPal – bydraes en kollektes kan ook afgedra word deur die toepaslike QR-kode te gebruik.